TOELATINGSBELEID

HOËRSKOOL SECUNDA

HOËVELDRIF WES

GERT SIBANDE DISTRIK

MPUMALANGA ONDERWYSDEPARTEMENT

INHOUDSOPGAWE

Goedkeuring en wysigings Datums	3
1. AANSOEK OM TOELATING TOT DIE SKOOL	5
2. DIE SKOOL SE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS	7
3. SKOOLGELD	7
4. VEREISTE DOKUMENTE VIR TOELATING	9
5. LEERDEROUDERDOMSVEREISTES VIR TOELATING TOT DIE SKOOL OF VERSKILLENDE GRADE VAN DIE SKOOL	10
6. TYDPERK VIR REGISTRASIE	10
7. APPÈLPROSEDURE	11
8. KAPASITEIT	11
9. SKOOLEIENDOM	12
10. RISIKO VAN SKADE OF VERLIES	12
11. VOLGORDE VAN VOORKEUR MBT TOELATINGSAANSOEKE	13
12. VEREISTES	15
13. TOELATING VAN PERSONE SONDER SA BURGERSKAP	15
14. DIE SBL EN LEERDERS VAN DIE SKOOL	16
15. DIE OUERS EN SKOOL / SBL	17
16. GRAADHERHALING	17
17. WYSIGING VAN BELEID	18
18. GOEDKEURING VAN BELEID	18
AANHANGSEL A	19
AANHANGSEL B	21
AANHANGSEL C	26

HOËRSKOOL SECUNDA

TOELATINGSBELEID

BELEID VAN HOËRSKOOL SECUNDA RAKENDE DIE TOELATING VAN LEERDERS TOT DIE SKOOL OF GRADE BY DIE SKOOL

Hoërskool Secunda (hierna "die Skool") is 'n openbare skool met regspersoonlikheid ingevolge die bepalings van artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 (soos gewysig) (hierna "die Skolewet") waarvan die beheer aan sy skoolbeheerliggaam (hierna "die SBL"), soos in artikel 16 van die Skolewet, toevertrou is.

Die SBL is ingevolge artikel 5 van die Skolewet by magte om onderhewig aan die bepalings van die Skolewet en enige toepaslike provinsiale wet, die Skool se beleid rakende die toelating van leerders tot die Skool en grade by die Skool te bepaal.

Die SBL het met betrekking tot die kwessie van leerdertoelating tot die Skool of verskillende grade by die Skool op die volgende statutêre bepalings (hierna "die bepalings") gelet:

(i) die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 (hierna "die Grondwet");
(ii) die Suid Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 (soos gewysig) (hierna "die Skolewet");
(iii) artikel 3(4)(i) en 5 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Nr. 27 van 1996 ("NEPA");
(iv) die Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, deur die Minister van Onderwys in Staatskoerant Nr. 19377 van 19 Oktober 1998 (Kennisgewing Nr. 2432/98) (hierna "ministeriële beleid") gepubliseer; en
(v) toepaslike provinsiale wetgewing.

Die Skool en sy Beheerliggaam verwys na die tersaaklike gedeeltes van die bepalings tot die mate waartoe dit geldig en bindend op hulle is en voorrang mag geniet bo die Beheerliggaam se bevoegdheid om die toelatingsbeleid van die Skool te bepaal, en is vas van voorneme om die Skool se toelatingsbeleid ten volle te implementeer binne die raamwerk van die bepalings en enige ander toepaslike bepalings wat van tyd tot tyd mag geld.

Daarom verklaar die SBL namens die Skool nou die Skool se Beleid vir die Toelating van Leerders tot die Skool of Verskillende Grade by die Skool soos volg:

1. AANSOEKE OM TOELATING TOT DIE SKOOL

1.1 Daar word erken dat –

(a) die Departementshoof (Onderwys) (hierna "DH") en/of amptenare van die departement van onderwys (DVO), insluitende die Prinsipaal, wat deur die DH gedelegeer is (hierna "die DH-gedelegeerde(s)"), vir die administrasie van leerdertoelating tot die Skool verantwoordelik is; en

(b) die DH/die DH-gedelegeerde(s) 'n registrasieproses vir toelating tot openbare skole moet bepaal sodat leerdertoelating op 'n tydige en doeltreffende wyse plaasvind.

1.2 Daar word beklemtoon dat die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal hierdie beleid te alle tye sigbaar, billik en ingevolge die wet in aanmerking moet neem tydens optrede ooreenkomstig paragraaf 1.1 hierbo of die beslissingsproses rakende toelatingsaansoeke. Die Skool en sy SBL sal ook van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal verwag om te alle redelike tye volle toegang tot en afskrifte van enige registers of lêers wat as deel van die toelatingsproses gehou word te verkry.

1.3 Die Skool en die SBL sal van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal verwag om te verseker dat aansoekers van die volgende in kennis gestel word en ook skriftelik bevestig dat hulle dit gelees het en begryp:

(a) die SBL-grondwet;

(b) die Skool se taalbeleid;

(c) die Gedragskode vir Leerders; en

(d) hierdie Toelatingsbeleid.

1.4 Die Skool en die SBL onderskryf die siening dat ingevolge die reg en by gebrek aan 'n hofbevel tot die teendeel, die wettige Ouer(s)/voog(de) van 'n minderjarige leerder die uitsluitlike reg het om te besluit by watter skool hulle kind/pleegkind ingeskryf word. Gevolglik aanvaar die Skool en SBL geen aansoek tensy dit ingedien word deur die ouer(s)/voog(de) van, of die persoon/persone met wettige aanspraak op sorg vir die minderjarige leerder, of 'n persoon/persone wat skriftelik deur hulle daartoe gemagtig word nie. Voorts beskou die Skool en die SBL nougesette nakoming van hierdie benadering as noodsaaklik aangesien dit verseker dat geldige toestemming verleen word vir die behandeling van die leerder *in loco parentis*, vir die leerder se deelname aan uitstappies, ensovoorts. Gevolglik word daar van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal verwag om te verseker dat hierdie benadering streng nagekom word.

1.5 Die SBL onderneem om die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal in pogings te ondersteun om die persone waarna daar in paragraaf 1.5 hierbo verwys word aan te moedig om voor die einde van die jaar wat die volgende skooljaar voorafgaan, om die toelating van hulle kinders/pleegkinders aansoek te doen.

1.6 Onderhewig aan hierdie beleid vereis die SBL dat die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal leerdertoegang tot openbare skole, waaronder dié Skool, in oorleg met die Skool koördineer, en onderneem die SBL om opbouende ondersteuning te verleen ten einde te verseker dat alle geskikte leerders toepaslik toelating ontvang.

1.7 As 'n voorvereiste vir enige besluit rakende die toelating van 'n leerder tot die Skool, vereis die Skool en die SBL dat die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal die volgende bepaling van die Grondwet streng nakom –

> *"28 (2) – 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak".*

2. DIE SKOOL SE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS (INSLUITEND DRAGKODE)

Hoewel aansoekers se weiering om die Skool se Gedragskode vir Leerders (insluitend dragkode) te onderskryf nie die toelating van die leerder tot die Skool kan verhoed nie, sal die kode nietemin bindend wees vir die leerder. Artikel 8(4) van die Skolewet bepaal soos volg:

> *"Geen bepaling van hierdie Wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie."*

Aansoekers word aangemoedig om die Skool te ondersteun deur hulleself van die Skool se Gedragskode vir Leerders te vergewis en die nakoming daarvan deur leerders te verseker. Indien 'n leerder of sy/haar ouers voel enige aspek soos uiteengesit binne die gedragskode nie nagekom kan word nie, sal dit voor inskrywing met die skool bespreek word.

3. SKOOLGELD

3.1 Ouers (soos in artikel 1 van die Skolewet omskryf) se versuim, weiering of onvermoë om skoolgeld te betaal, kan nie die toelating van leerders tot die Skool verhoed nie. 'n Leerder word toegelaat tot die totale skoolprogram en mag nie geskors word van klasse, toegang tot kultuur-; sport- en sosiale aktiwiteite binne die skool konteks geweier word, 'n skoolrapport of oorplasingsertifikaat geweier word of andersins geviktimiseer word op grond daarvan dat sy/haar ouers –

(a) nie instaat is om skoolgeld te betaal nie of dit nog nie betaal het nie;

(b) nie die missiestelling en gedragskode van die skool steun nie;

(c) geweier het om 'n kontrak aan te gaan ingevolge waarvan die ouers afstand doen van enige eis om skadevergoeding wat voortvloei uit die opvoeding van die leerder.

3.2 Ingevolge artikel 38-41 van die Skolewet, moet 'n begrotingsvergadering van die ouers van ingeskrewe leerders by die Skool na dertig (30) dae kennisgewing aan ouers geskied. By hierdie vergadering besluit die meerderheid van die ouers teenwoordig op die aanvaarding al dan nie van die begroting wat vir die volgende boekjaar deur die SBL voorberei is. By dieselfde vergadering kan die meerderheid van stemgeregtigde ouers teenwoordig besluit dat die betaling van skoolgeld verpligtend moet wees, wat die skoolgeldbedrag per leerder per jaar sal wees, en watter maatstawwe sal geld vir algehele of gedeeltelike vrystelling aan ouers wat nie die volle verpligte bedrag of 'n gedeelte daarvan kan betaal nie. Ouers wat nie daartoe in staat is om enige gedeelte van die bedrag of die volle bedrag te betaal nie, is daarop geregtig om op die voorgeskrewe vorms by die SBL om algehele of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolgeld aansoek te doen. Sodanige aansoeke moet vertroulik deur die SBL hanteer word. Die SBL sal billik optree en bogenoemde maatstawwe asook die bepalings van die ministeriële beleid en die Regulasies vir die Vrystelling van Ouers van die Betaling van Skoolgeld in Openbare Skole (Goewermentskennisgewing R1052) toepas. 'n Afskrif van laasgenoemde sal op versoek aan ouers beskikbaar gestel word. Ouers wat om vrystelling aansoek doen, kan 'n opvoeder by die Skool of enige ander persoon vir bystand met die aansoek nader. 'n Ouer/ouers wat deur die SBL se besluit verontreg voel, kan ingevolge die prosedure wat in genoemde regulasies uiteengesit word, by die DH appelleer.

3.3 Aansoekers om vrystelling moet egter daarop let dat die gekombineerde jaarlikse inkomste van ouers in berekening gebring word in die besluit of ouers vir vrystelling in aanmerking kom al dan nie. "**Gekombineerde jaarlikse bruto inkomste van ouers**" word in regulasie 1 van voorgenoemde regulasies omskryf as –

"die saamgetelde bruto inkomste van al die ouers van 'n leerder soos in die Wet omskryf..."

3.4 Die aansoeker se aandag word voorts op die volgende bepaling van die Skolewet gevestig –

(Artikel 41) – "Die beheerliggaam van 'n openbare skool kan die betaling van skoolgelde deur ouers wat daarvoor aanspreeklik is..., deur regsproses afdwing."

3.5 Ouers van leerders word aangemoedig om die hoë onderrigstandaard en die goeie skoolfasiliteite en -omgewing in stand te hou deur skoolgeld te betaal en, waar hulle algehele of gedeeltelike vrystelling van die betaling van verpligte skoolgeld ontvang, hulle dienste tot voordeel van die Skool aan die SBL beskikbaar te stel.

3.6 Die Skolewet omskryf "ouer" soos volg -

(a) die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder;

(b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of

(c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom.

Dus indien die leerder byvoorbeeld 'n pa én 'n ma het, maar by sy/haar tante woon, met ander woorde 'n persoon na wie daar in (c) hierbo verwys word, sal die gekombineerde bruto inkomste (vóór belasting of aftrekkings) van al drie – d.w.s. die ma, pa én tante – in berekening gebring word wanneer daar oor algehele of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolgeld beslis word.

3.7 Om hierdie rede moet die besonderhede van alle persone wat onder die omskrywing van "ouer" val, in die toelatingsaansoek aan die Skool verskaf word.

4. VEREISTE DOKUMENTE VIR TOELATING

4.1 'n Ouer moet 'n aansoekvorm om toelating voltooi, welke vorm die prinsipaal aan hom/haar moet beskikbaar stel.

4.2 Tesame met die aansoekvorm moet die ouer 'n **amptelike geboortesertifikaat** van die leerder aan die prinsipaal toon. Indien die ouer nie 'n geboortesertifikaat kan toon nie, kan die leerder voorwaardelik toegelaat word totdat 'n afskrif van die sertifikaat van die streekskantoor van die Departement van Binnelandse Sake verkry is. Die prinsipaal moet die ouers inlig dat dit 'n misdryf is om 'n valse verklaring oor die ouderdom van die leerder te maak. Die ouer moet verseker dat die toelating van die leerder binne drie maande ná die voorwaardelike toelating afgehandel word.

4.3 By aansoek om toelating moet die ouer bewys lewer dat die leerder teen die volgende **siektes ingeënt is**: polio, masels, tuberkulose, witseerkeel, klem-in-die-kaak en hepatitis B.

4.4 Wanneer 'n leerder van een openbare skool na 'n ander verskuif, moet die prinsipaal 'n **oorplasingskaart** voltooi en dit hetsy aan die ouer oorhandig of na die ander skool aanstuur.

Sien **aanhangsel A** by hierdie beleid vir 'n volledige lys van vereiste dokumente vir toelating.

5. LEERDEROUDERDOMSVEREISTES VIR TOELATING TOT DIE SKOOL OF VERSKILLENDE GRADE VAN DIE SKOOL

'n Leerder wat met meer as twee jaar buite die ouderdomsnorm val, sal nie vir toelating oorweeg word nie. Die ouderdomsnorm is die graad plus 6 jaar.

6. TYDPERK VIR REGISTRASIE

6.1 **Aansoeke** betrekking tot die inskrywing van leerders vir die volgende jaar open begin Mei en sluit aan die einde van Julie met 'n **toelatings tydperk** van Mei tot Oktober.

6.2 Ouers wat dus hulle kinders die eerste keer by die Skool wil inskryf, moet die leerder by die Skool registreer in die jaar voor die skooljaar waarop die leerder se aansoek om toelating betrekking het.

6.3 Alle aansoeke om toelating tot die skool namens 'n leerder word by die prinsipaal ingedien, of sy/haar afgevaardigde.

6.4 Die ouers van die leerder sal binne 'n redelike tydperk, of binne die tydperk wat die DH bepaal, skriftelik van die **aanvaarding of afwysing** van hulle aansoek in kennis gestel word.

6.5 Alle onsuksesvolle aansoekers sal dan eerstens in volgorde van voorkeur soos deur hierdie beleid en dan tweedens in chronologiese orde op die waglys geplaas word en aangeraai word om by ander skole buiten die Skool aansoek te doen.

6.6 Die Skool sal 'n behoorlike register van alle aansoeke om toelating byhou.

7. APPÈLPROSEDURE

Indien 'n ouer ontevrede is met die Skool se besluit om nié 'n leerder tot die Skool toe te laat nie, kan sodanige ouer ingevolge artikel 5(9) van die Skolewet by die Lid van die Uitvoerende Raad vir Onderwys in Mpumalanga teen die besluit appelleer.

8. KAPASITEIT

Die SBL het die Skool se maksimum kapasiteit vir leerdertoelating soos volg bepaal:

- Totale getal leerders in Skool: **1054**
- Per klas: **31**

Die volgende faktore is by die bepaling van die Skool se kapasiteit in ag geneem:

- Dat die leerder se belange voorkeur geniet
- Die aantal beskikbare opvoeders
- Die beskikbare ruimte vir administratiewe behoeftes

- Die beskikbare aantal geskikte klaskamers
- Die beskikbare ruimte vir sport-, kultuur- en ontspanningsaktiwiteite
- Die beskikbare ruimte in die bestaande rekenaarsentrums, wetenskap- en tegnologielaboratoriums en die skoolsaal
- Die beskikbare sanitêre geriewe
- Parkeergeriewe
- Veiligheidsmaatreëls
- Die maksimum toelaatbare getal leerders per klas
- Internasionaal erkende beste praktyk met betrekking tot klasgroottes ten einde doelmatige en doeltreffende onderrig van gehalte te lewer

Sien **aanhangsel B** met betrekking tot kapasiteitsbepaling.

9. SKOOLEIENDOM

Aansoekers se aandag word op die volgende gevestig:

(1) Elke leerder by 'n openbare skool sal goed omsien na die eiendom van die skool wat tot sy/haar beskikking gestel word, en sal dit voor of op die datum wat deur enige opvoeder by die skool aangedui word, aan die skool terugbesorg.

(2) Die ouers van 'n leerder by 'n openbare skool sal aanspreeklik wees vir enige skade aan of verlies van skooleiendom waarvoor die betrokke leerder op sy/haar beurt teenoor die skool aanspreeklik is.

(3) Dit is elke ouer se plig om die Staat en die beheerliggaam van 'n skool in die bevordering van 'n kultuur van respek vir skooleiendom by te staan.

10. RISIKO VAN SKADE OF VERLIES

Aansoekers word daarop gewys dat die Skool geen aanspreeklikheid aanvaar vir skade aan, die vernietiging of verlies van enige eiendom wat deur die leerder of sy/haar ouer(s) op die skoolperseel gebring word nie, ongeag wie sodanige skade, vernietiging of verlies veroorsaak, hoe dit veroorsaak word, of dit deur iemand se optrede of versuim veroorsaak word, en of dit opsetlik of weens nalatigheid veroorsaak word. **Die Skool aanvaar geen**

aanspreeklikheid nie. Leerders word aangemoedig om na enige eiendom wat op die Skoolperseel gebring word om te sien, en aansoekers en ouers van leerders word aangemoedig om self die nodige versekering teen sodanige skade, vernietiging of verlies uit te neem.

11. VOLGORDE VAN VOORKEUR MET BETREKKING TOT TOELATINGSAANSOEKE

11.1 Tensy en totdat die DH in oorleg met die SBL anders besluit, is die natuurlike voedingsgebied van die Skool, **Secunda en Trichardt**.

11.2 Die Skool is tans 'n **Parallelmedium-instelling** (Afrikaans ⅔ en Engels ⅓) en beskik dus oor menslike hulpbronne wat hoofsaaklik voorsiening maak vir daardie leerders wie se moedertaal of gekose onderrigtaal **Afrikaans en Engels** is. Akademiese strukture is ook ontwikkel om effektiewelik hierdie verhouding van leerders te akkomodeer.

11.3 Aangesien die Skool en die SBL weet dat hulle nie onregverdig teen 'n leerder mag diskrimineer namens wie 'n toelatingsaansoek ingedien word nie, en dus geensins voornemens is om te diskrimineer nie, en hoewel hulle graag hulle deel tot leerderonderrig in vennootskap met die Staat wil bydra, begryp hulle dat die Skool nie alle leerders kan inneem nie en dat een of ander vorm van (billike) diskriminasie rakende leerdertoelating onvermydelik is. Daarom en in die lig van voorgenoemde, is dit die Skool se beleid dat aansoeke in die volgende volgorde van voorkeur hanteer word –

(a) **Eerstens,** aansoeke namens leerders wat *bona fide* (werklik) saam met hulle ouers (soos in die Skolewet omskryf) binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.

i. Inwoners van Secunda en Trichardt.

ii. Aansoekers wat 'n goeie rekord het, soos afgelei uit die aansoeker se jongste akademiese rekord en aansoekvorm, en wat gewillig en bereid is om 'n betekenisvolle bydrae tot die bevordering van die skool se akademiese program te maak.

iii. Aansoekers wat 'n goeie rekord het, soos afgelei uit die aaansoeker se jongste akademiese rekord en aansoekvorm, en wat gewillig en bereid is om voordeel te trek uit die opvoeding en ander aspekte wat die skool bied.

iv. Aansoekers wie se broers of susters reeds by Hoërskool Secunda ingeskryf is.

(b) **Tweedens**, aansoeke namens leerders wat *bona fide* (werklik) saam met hulle ouers (soos in die Skolewet omskryf) binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.

(c) **Derdens**, aansoeke namens leerders wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.

(d) **Vierdens**, aansoeke namens leerders wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.

(e) **Vyfdens,** aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is, en wat 'n vak/vakke wil neem wat deur die Skool en nie deur 'n ander skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie.

(f) **Sesdens,** aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die aansoekvorm aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is, en wat graag 'n vak/vakke wil neem wat deur die Skool en nie deur 'n ander skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie.

(g) **Laastens,** aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon en wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrigtaal van die Skool is, op 'n eerste-kom, eerste-keuse-grondslag.

Nieteenstaande voorgenoemde en in oorleg met die distriksdirekteur, behou die SBL die reg om oorheersende voorkeur te gee aan broers of susters van leerders wat reeds by die Skool ingeskryf is.

11.4 Geen leerder sal toelating gewyer word op grond van ras, kultuur, godsdiens of finansiële omstandighede nie, binne die parameters dat Hoërskool Secunda 'n aangewese skool vir seuns en dogters is waar die medium van onderrig Afrikaans (⅔) en Engels (⅓) is. (Gegewe dat die SBL in die skool se taalbeleid bepaal het dat die skool 'n parallelmedium skool is waar die medium van onderrig Afrikaans(⅔) en Engels (⅓) is.) Leerders wat tot die skool toegelaat word moet behoorlik bedrewe in Afrikaans en Engels wees om sodoende nie hulle akademiese vooruitgang te benadeel nie.

11.5 Die toelating van leerders sal so bestuur word dat dit verteenwoordigend sal wees van die demografiese komposisie (bv. kultuur, godsdiens, etnies en ekonomies) van die gemeenskap wat bedien word.

12. VEREISTES

Buiten waar die bepalings daarvan nie in die beste belang van 'n leerder of ander leerders is nie, sal die SBL en die Skool die ministeriële beleid raadpleeg.

13. TOELATING VAN PERSONE SONDER SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP

Aansoeke om toelating van persone sonder Suid-Afrikaanse burgerskap sal hanteer word ooreenkomstig paragrawe 19-21 van die ministriële beleid.

14. DIE SBL EN DIE LEERDERS VAN DIE SKOOL

14.1 Daar sal van alle leerders verwag word om hulle pligte na te kom. Leerders is voorts daarop geregtig om hulle regte uit te oefen en op die handhawing van hulle regte aan te dring.

14.2 Die SBL beskou homself gebonde tot die beskerming van die opvoeders, leerders, ouers en nie-opvoeders van die Skool teen liggaamlike of geestelike geweld in soverre die SBL by magte is daartoe, en voorts tot die koestering van die liggaamlike, geestelike en morele welsyn van leerders. Vir hierdie doeleinde:

(a) behou die SBL die reg voor om alle stappe binne sy mag te doen om die toelating van 'n leerder te verhoed wie se gedrag `n wesentlike bedreiging inhou vir die welsyn, veiligheid of lewe van leerders of personeel in die skool sowel as daardie beste belange wat die SBL genope voel om te beskerm;

(b) mag die SBL die DH om inligting vra en met hom/haar in geding tree oor die wysheid van die toelating van 'n leerder tot enige graad by die Skool wanneer sodanige leerder ernstig benadeel sal word deur sy/haar onvermoë om op die vereiste vlak vir behoorlike onderrig in daardie graad te kommunikeer of mee gekommunikeer te word;

(c) mag die SBL, gegewe die hulpbronne en omstandighede van die Skool, enige redelik uitvoerbare stappe doen om 'n gestremde voornemende leerder in die Skool te laat aanpas; en

(d) verwag die SBL dat personeellede, leerders of ouers enige saak by hom sal aanmeld met betrekking tot die misbruik van regte of inbraak op die belange wat die SBL juis wil beskerm.

15. DIE OUERS EN DIE SKOOL/SBL

15.1 Ouers van leerders word versoek om die voorgeskrewe toestemmingsvorm in te vul ten einde die Skoolpersoneel daartoe in staat te stel om in noodgevalle in die beste belang van die leerder op te tree of die leerder se pyn of ongemak te verlig totdat die ouer(s) kan ingryp.

15.2 Buiten hulle pligte, het ouers van leerders by die Skool ook verskeie regte. Ouers het onder andere die reg om geraadpleeg te word rakende die formulering van die Skool se taal- en godsdiensbeleid en gedragskode, of enige wysigings daaraan. Hulle word ook genooi om aanbevelings en voorstelle rakende die aanvulling of wysiging van bestaande beleid of die bestaande gedragskode ter oorweging by die SBL in te dien.

15.3 Ouers word aangemoedig om by al die werksaamhede van die Skool betrokke te raak, aan te bied om lede te word van die beheerstrukture en ondersteuningsgroepe wat die belange van die Skoolgemeenskap dien, en die onderrigproses te ondersteun deur opbouend met opvoeders om te gaan en te verseker dat leerders opgelegde take en huiswerk pligsgetrou en nougeset doen. Daar word voorts van ouers verwag om te verseker dat hulle kinders behoorlik toegerus is om ten volle aan die onderrigproses deel te neem en dat hulle skool stip op tyd en gereeld bywoon.

16. GRAADHERHALING

Die herhaling van grade het selde 'n beduidende toename in die leerder se bekwaamheid tot gevolg. Trouens, dit het dikwels die teenoorgestelde uitwerking. Die norm vir herhaling is een jaar per skoolfase, waar nodig. 'n Leerder sal nie toegelaat word om 'n graad meer as een keer te herhaal nie.

Die SBL kan na eie goeddunke besluit om 'n matriekleerder wat om hertoelating aansoek doen, te weier op grond van die Skool se vermoë, infrastruktuur en die grootte van die graad 12-groep waartoe die leerder toegelaat wil word.

17. WYSIGING VAN BELEID

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.

18. GOEDKEURING VAN DIE TOELATINGSBELEID

Hiermee word bevestig dat hierdie beleid **goedgekeur** is deur 'n twee-derde meerderheid van die lede teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Skool Beheerliggaam gehou op die 23 dag van Augustus 2017 te Secunda.

VOORSITTER

SEKRETARESSE

SKOOLHOOF

Aanhangsel A

Vereiste inligting vir beheerliggaamdoeleindes bo en behalwe die besonderhede wat ingevolge ministeriële beleid, provinsiale beleid of wette verstrek moet word:

1. Die naam, woonadres, werkadres en alle telefoon-, faks- of e-posbesonderhede van elke persoon wat onder die omskrywing van "ouer" in die Skolewet val.

2. 'n Gewaarmerkte afskrif van enige hofbevel of enige testamentêre geskrif wat voogskap of wettige aanspraak op sorg, of enige soortgelyke reg van die persoon ("ouer") wat daarop aanspraak maak, bevestig.

3. 'n Beëdigde verklaring, werkgewersertifikaat, elektrisiteitsrekening of enige ander bewys wat redelikerwys deur die SBL vereis mag word om 'n leerder en sy/haar "ouers" se woonplek, of die feit en plek van indiensneming van die leerder se "ouers" te verifieer.

4. 'n Afskrif van 'n identiteits- of ander dokument wat die identiteit van elke persoon wat onder die omskrywing van "ouer" in die Skolewet val, tot die redelike bevrediging van die SBL bevestig.

5. Skriftelike magtiging deur die ouer(s)/voog(de)/persoon na wie in punt 2 verwys word, aan enige persoon om hom/haar/hulle in die aansoek om toelating van die leerder tot die Skool of in enige ander aangeleentheid met betrekking tot die leerder te verteenwoordig.

6. Die onderrigtaal wat namens die voornemende leerder gekies word.

7. Besonderhede van enige aanmeldbare siekte waaraan die leerder (moontlik) ly.

8. Besonderhede van enige ernstige oortreding waaraan die leerder deur 'n hof of enige skool waar die leerder voorheen ingeskryf was, skuldig bevind is.

9. 'n Voltooide gedragsertifikaat van die skool waar die leerder tans ingeskryf is.

10. Besonderhede van enige toestand van die leerder wat die liggaamlike welsyn van enige ander leerder of personeellid van die Skool kan raak.

11. Besonderhede van enige bepaalde behoeftes wat die leerder mag hê en wat mag aandag verg om die leerder se skoolervaring te maksimaliseer of sy/haar beste belange te bevorder.

12. Besonderhede van enige toestand of omstandighede waarvan die Skool bewus behoort te wees ten einde die beste belange van die leerder en/of enige ander leerders van die Skool te beskerm.

13. Enige bepaalde vakke wat die leerder graag wil studeer en wat nie deur 'n skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie.

14. Studie permit en ter saaklike dokumente wat hul wettige verblyf in Suid-Afrika bevestig, van persone sonder Suid-Afrikaanse burgerskap.

Aanhangsel B

BELEID: LEERDERTAL

(Fisiese Kapasiteitsbepaling)

DOEL

Om vir elke leerder in die skool 'n ideale leeromgewing vir maksimum leer te skep. Dít word gedoen deur fasiliteite ten beste te benut met die oog op suksesvolle kennisoordrag en 'n positiewe leerervaring.

DOKUMENTE GEBRUIK/GERAADPLEEG

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996;
- Die Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996;
- Die Wet op Beroepsveiligheid en -gesondheid, Nr. 85 van 1993;
- Regulasies insake minimum eenvormige norme en standaarde vir infrastruktuur van openbare skole (uitgevaardig kragtens GK R920 in *GK*37081 van 29 November 2013);
- SANS 10400 : 2010 – bouregulasies;
- Kurrikulumverklarings en ander verspreide beleidsdokumente
  (soos die Nasionale Kurrikulumverklarings Graad 10–12: Gasvryheidstudies, Januarie 2008).

BEPALING VAN LEERDERKAPASITEIT

1. Klaskamers (deur staat verskaf)

Tipe	Getal	m^2	Maksimum leerderkapasiteit
Permanent	15	48.5	31
Tydelik	13	48.5	31

2. Klaskamers (deur beheerliggaam verskaf)

Tipe	Getal	m^2	Maksimum leerderkapasiteit
Permanent	-	-	
Tydelik	6	48.5	31

Leerders per klas – 31 maksimum

Formule vir klaskamer met dubbeltafels:

[Klasgrootte (m^2), minus onderwysermeubels (m^2) (meubels/toerusting soos kaste), minus 7 m^2 (ruimte vir opvoeder)] ÷ [bewegingsruimte van 2 leerders(m^2) + grootte van leerder-tafel(m^2)] maal 2 = leerdervermoë per klas

48.5 – 1.886 – 7 ÷ 2.54 = 15.5 X 2 = 31

Die Regulasies insake Minimum Eenvormige Norme en Standaarde vir Infrastruktuur van Openbare Skole[1] skryf die volgende minimum bewegingsruimte voor:

- Graad 1 – graad 12: Leerder - 1m^2
  Opvoeder - 7m^2
- Leerders met gestremdhede: Leerder - 2m^2

Leerders per skool

Totale getal klaskamers x maksimum leerderkapasiteit per klas = skoolkapasiteit

34 X 31 = Kapasiteit = 1054

[1]Alhoewel dit die oogmerk van hierdie regulasies is om die minimum eenvormige norme en standaarde te voorsien vir die infrastruktuur van nuwe openbare skole, enige aanbouings, verbouings en verbeterings aan skole wat reeds bestaan, word hierdie ook as riglyn vir die kapasiteitsbepaling van reeds bestaande skole aanbeveel. Verder is die beoogde besetting wat deur die SANS 10400:2010 - bouregulasies voorgeskryf word eenvoudig onprakties vir skole om na te volg en word die Norme en Standaarde vir Infrastruktuur van Openbare Skole in die verband as riglyn aanbeveel.

3. Ander fasiliteite wat nie geskik is as klaskamers nie

- Laboratoriums - 6
- Verbruikersstudielokale - 2
- Rekenaarsentrums - 3
- Tegniese lokaal - 3
- TD lokaal
- Skoolsaal - 1
- Kantore - 14
- Personeelkamer - 1
- Vergaderlokaal - 1
- Stoorkamers - 1
- Eksamenlokale - 2
- LO saal -1
- Kunssentrums - 2

Deur beheerliggaam verskaf

- Restaurant
- Gimnasium

Kleedkamers

Getal seuns = 510

Seuns	**Werklike getal**	**SABS-getal**
Toilette	11	7
Urinale	3 (groot)	9 (klein)
Wasbakke	9	8

Getal dogters = 543

Dogters	**Werklike getal**	**SABS-getal**
Toilette	21	15
Wasbakke	15	10

(Sien aangehegte SANS 10400:2010 – bouregulasies vir die berekening van die getal fasiliteite in vergelyking met die getal persone)

Plaaslike verordeninge, soos brandweer- en ander veiligheidsmaatreëls
(*Raadpleeg plaaslike bou- en/of brandweerverordeninge*)

Verklarende notas

1. Die SBL het 'n bydrae gemaak tot voordeel van die leerders en het klasgroottes van ± 6 (ses) bewerkstellig vir doeltreffende onderrig, en nie om skoolkapasiteit te verhoog nie.

2. Wat die Nasionale Kurrikulumverklaring (Januarie 2008) oor Gasvryheidstudies betref, behoort Gasvryheidstudies-klasse nie meer as 20 (twintig) leerders te bevat nie.

3. As gevolg van beroepsveiligheid behoort daar nie meer as 24 (vier en twintig) leerders op 'n slag in die laboratoriums te wees nie.

4. Toilette en wasbakke is reeds oorbenut.

5. Daar is tans geen uitbreidingsgeleenthede op die terrein nie, en ook geen SBL-finansiering nie.

6. Tydelike klasse wat deur die staat voorsien is, is van asbes. Van die geboue het 'n beperkte gebruiksduur en verg baie onderhoud.

7. Sportvelde het plek vir net 1 000 (een duisend) toeskouers (1 persoon per m^2 – sien aangehegte tabel 2 – 12.5m X 80m = 1 000 m^2).

8. Hoërskool Secunda is vol as daar **1054** leerders ingeskryf is.

9. Die finale getal leerders wat tot Hoërskool Secunda toegelaat word mag van tyd tot tyd verskil van die bogenoemde getal op die basis van spesifieke toetalings en vakkeuses deur leerlinge/ouers in 'n spesifieke jaar. Maar hierdie getal sal nie die berekende kapasitiet met meer as 2% oorskry in enige graad sonder die goedkeuring deur die SBL en 'n motivering van die Skool Bestuurspan vir die rede vir die oorskryding nie.

Tabel 1 – Benuttingsklas van gebou

1	2
Class of occupancy of building	Occupancy
A1 A2	Entertainment and public assembly Occupancy where persons gather to eat, drink, dance or participate in other recreation. Theatrical and indoor sport Occupancy where persons gather for the viewing of theatrical, operatic, orchestral, choral, cinematographical or sport performances.
A3	Places of instruction Occupancy where school children, students or other persons assemble for the purpose of tuition or learning.
A4	Worship Occupancy where persons assemble for the purpose of worshipping.
A5	Outdoor sport Occupancy where persons view outdoor sports events.

Table 2 – Design population

[Table 2 substituted by GNR.432 of 1991 and by r. 72 of GNR.574 of 30 May 2008 w.e.f. 1 October 2008.]

1	*2*
Class of occupancy of room or storey or portion thereof	*Population*
A1, A2, A4, A5	Number of fixed seats, or 1 person per m^2 if there are no fixed seats
E1, E3, H1, H3, H4	2 persons per bedroom
E4	16 persons, provided that the total number of persons per room is not more than 4
H5	16 persons per dwelling unit provided that the total number of persons per room is not more than 4
G1	1 person per 15 m^2
J1, J2, J3, J4	1 person per 50 m^2
C1, E2, F1, F2	1 person per 10 m^2
B1, B2, B3, D1, D2, D3	1 person per 15 m^2
C2, F3	1 person per 20 m^2
A3, H2	1 person per 5 m^2

Tabel 4 – Voorsiening van vaste sanitêre toebehore

1	2	3
Soort benutting en besetting	Vaste toebehore	Uitsonderings
A3	**Tabel 6**	

Tabel 6

1	2	3	4	5	6
Population[a] number of people	Number of sanitary fixtures to be installed				
	Males			Females	
	Toilet pans	Urinals	Wash hand basins	Toilet pans	Wash hand basins
≤ 15	1	1	1	2	1
≤ 30	1	2	2	3	2
≤ 60	2	3	3	5	3
≤ 90	3	5	4	7	4
≤ 120	3	6	5	9	5
> 120	Add 1 sanitary fixture to the above for every 100 persons			Add 1 sanitary fixture to the above for every 50 persons	Add 1 sanitary fixture to the above for every 100 persons

NOTE If the facilities provided in a shopping complex can be conveniently situated so that they are available to the personnel and the public and visitors, it might not be necessary to provide separate facilities for the personnel in individual shops. The minimum number of facilities provided should then be the total required in accordance with this table for the total number of personnel in the shops within the complex who make use of these facilities.

[a] Population is the number of personnel only of a particular sex in an occupancy. The total number of personnel will, in some cases, be the total population obtained from Regulation A21, the public and visitors being very few in number. In other cases the proportion of personnel to the public and visitors will have to be established. The total number of personnel in a shopping complex, or in any particular shop, may be taken as 10 % of the total population for such complex or shop calculated in terms of Regulation A21.